

Sing vooraf: Psalm 146:1, 6 (p. 700)

- | | |
|--|---|
| 1 Prys die HEER met blye galme,
o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme
vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied,
altyd groot maak in my lied. | 6 Dis die HEER se mededoë
wat die blinde oog verlig;
wie in stof lê neergeboë,
word deur Hom weer opgerig.
Hy bemin die wat opreg
wandel in sy woord en weg. |
|--|---|

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking
van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 2:6 (p. 7)

- 7 Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd / met blydschap wat Hom huldig as die HEER,
en kus die Seun in onderworpenheid, / buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.
Want ligtelik kan Gods gramskap jul verteer / net soos 'n vuur, eers alte klein geag.
Welsalig wie Hom huldig as hul HEER, / wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Skrifberyming 5-4:1, 2, 3, 6 (10:1, 2, 3, 6)

- | | |
|---|---|
| 1 Wie kan ons voor die regter daag?
Gods uitverkore kind verklaag?
Waar is die mond wat durf verdoem
as God sy kind regverdig noem? | 2 Dis Christus wat die skuld wou dra,
die dood vir ons gesterf het, ja,
wat, opgewek, in glorie sit
en altyddeur vir ons wil bid. |
| 3 Wie sal ons, van die skuldstraf vry,
van Christus en sy liefde skei?
Verdrukking of vervolgingsnag?
Benoudheid wat ons hier nog wag? | 6 geen skepsel in die skepping wyd,
geen ding in tyd of ewigheid –
niks kan ons van Gods liefde skei
wat ewig-vas in Christus bly. |

Skriflesing: 1 Korintiërs 15:55-58

Teks: 1 Korintiërs 15:55-58; Kategismus Sondag 17

Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning? Die angel van die dood is die sonde, en die krag van die sonde is die wet. Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus. Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.

(1 Korintiërs 15:55-58 AFR1953)

Ons het al almal voor 'n oop graf gestaan. Ons het al almal die geweldige finaliteit by 'n graf belewe.

- Dis asof die toegegooide kis vir jou wil sê dat jy daardie persoon nooit weer sal sien nie. Wanneer iemand sterf, neem ons ook final afseid van hom/haar.

Dit is waarom Jakob nie kon glo dat Josef lewe nie.

- Jare tevore het hy Josef aan die dood afgestaan.
- Daarom wou hy sy seuns se storie nie glo dat die onderkoning van Egipteland sy seun Josef is wat nou lewe nie.
- Net so kon die dissipels ook nie glo dat die Here Jesus opgestaan het nie.

Ons lees in Markus 16 dat Maria Magdalena aan die dissipels gaan vertel het dat Jesus opgestaan het en aan haar verskyn het. Die Bybel sê:

En toe hulle hoor dat Hy lewe en deur haar gesien is, het hulle dit nie geglo nie. (Markus 16:11 AFR1953)

Al twee die stelle mense, Jakob en die dissipels, was egter ongekend bly toe hulle eers oortuig was dat hulle dooie geliefde inderdaad lewe.

Die waarheid is dat ons nie sterf en vir ewig wegdraak uit alle kringe van lewe nie.

- Die waarheid is dat ons lewe, al het ons liggame gesterf, want die dood is oorwin.
- Al sukkel medici nog elke dag aan om allerhande siektes te bekamp, die dood is reeds oorwin en aan elkeen van ons wat glo, is die ewige lewe gegee.

Dit is eintlik so vreemd dat hierdie grootste waarheid so baie keer doodgeswyg of ontken word.

- Allerhande liederlike dinge wat in ons daaglikse lewens gebeur, staan met banieropskrifte in ons koerante geskryf: verkragting; menseleuens word vernietig deur sinnelose moorde.
- Radio-, koerant- en TV-berigte word afgestaan aan dinge wat belangrik is vir aardse voorspoed of sogenaamde nuuswaardighede.
- Maar oor die grondwet van die ewige lewe en die nuwe aarde, naamlik versoening en herskepping deur die genade van God word baie min gepraat, geskryf en uitgesaai!
 - Koerantberigte eindig by die sensasie van verminkte liggame – maar van daardie selfde mens wat dan reeds in die ewigheid sy/haar lewe voortsit, word niks vermeld nie.
 - Van die heerlikheid van mense wat vrygemaak is van verinking en die afgryse van lyding deur die opstanding van Jesus Christus word nie geskryf nie.

Ons lewe in 'n snaakse wêreld – 'n wêreld wat so ingestel is op die dood en al die neweprodukte van die dood!

- Ons tyd klits sensasie oor lelike dinge op asof dood 'n kleinood is wat ons ten alle koste moet vertroetel.
- Dit, terwyl die waarheid is dat die Here vir ons voorsiening gemaak het om die dood te kan oorleef, en inderdaad te oorleef.

Hierdie hele saak trek saam in die geloof wat ons aanhang: die aanbidding en belydenis van die Here Jesus Christus as God en Verlosser.

- Die Here Jesus Christus is ewig God.
- Hy is almagtig.
- Daarom het Hy 'n menslike liggaam aangeneem en tussen ons kom woon.

Die waarheid is dat die Here Jesus lyding en die dood met 'n menslike liggaam kom trotseer het.

- Hy het uit die dood opgestaan en teruggekom in die lewe in met liggaam en siel.
- Die duiwel het verslae in die hel bly sit, want op die enigste terrein waar hy gedink het dat hy die koning is, het die Here Jesus hom verslaan.

Die Here Jesus se hele lewe staan in die teken daarvan dat die duiwel Hom aangeval het en dat Hy die duiwel elke keer verslaan het.

- Dink byvoorbeeld aan die dinge wat gebeur het nadat die Here gedoop is.
 - Die duiwel het die Here Jesus daar in die woestyn aangeval en met versoekings probeer verlei om te oortree, sodat sy messiasskap kon verval.
 - Dit sou 'n oorwinning vir die duiwel beteken het.
- Kom ons kyk vir die doeleindes van hierdie preek na die tweede versoeking. Dit word so beskryf in Lukas 4:5v:

Toe bring die duiwel Hom op 'n hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld in 'n oomblik se tyd. En die duiwel sê vir Hom: Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil. As U my dan aanbid, sal alles aan U behoort.

(Lukas 4:5-7 AFR1953)

Die satan het die Here Jesus met soveel selfvertroue gekonfronteer dat hy geglo het dat hy die Here Jesus sal oorweldig.

- Daarom het die dood van Jesus Christus totale opskudding veroorsaak, want dit het daartoe gelei dat die onmoontlike gebeur het:
- Die eerste keer in die geskiedenis het 'n mens in sy eie krag opgestaan uit die dood en teruggekom in die lewe in.

God wou met hierdie gebeurtenis hê dat die mense wat onder Jesus se prediking was kon sien dat die dood nie die einde is nie.

- Soos wat God Jesus uit die dood laat opstaan het, net so gaan ons wat in Christus glo uit die dood opstaan.
- Net soos in vandag se tyd was daar toe ook 'n groep mense wat met oneerlikheid die waarheid probeer verdoesel het.
 - Daarom is die wagte omgekoop om te vertel dat Jesus se liggaam gesteel is.
- Die feit van die opstanding is van die mense af weggehou:
 - Hulle moes nie weet dat die ware Verlosser die dood vir ons oorwin het nie.
 - So is daar altyd leuens wat ons wil blind hou aangaande ons lewe hierna.

Die apostel Paulus het egter met hierdie sensasionale nuus in die heidenwêreld ingetrek. Hy het ook teëspoed gekry omdat mense sy leer wou toesmeer.

- Daarom skryf hy dat Jesus se oorwinning oor die dood vir die Jode 'n struikelblok is.
- Dit was vir hulle 'n kwesplek elke keer wanneer hulle dit gehoor het omdat hulle Joodse Raad Jesus veroordeel het.
 - Hulle was ook die groep wat dit uitgeskreu het dat die Here se bloed op hulle en hulle kinders moet wees.
 - Die maklikste manier om uit so 'n lewensflater uit te kom is om die waarheid dood te swyg of om dit van die ander mense af weg te hou.
- Die heidense Grieke wou ook nie maklik glo nie.

- Hulle het met groot aandag na Paulus se preke gesit en luister.
- Hulle het toegegee dat hy die verstandigste man is wat hulle oor godsdienst hoor praat het.
- Maar die oomblik toe hy vertel dat die dood oorwin is omdat Jesus uit die dood opgestaan het, het die hele arena se mense in 'n lagbui uitgebars.
- Hulle het vir Paulus gesê dat hy hulle anderdag weer kan kom toespreek.

Om die een of ander rede het mense soms die geneigdheid om jammerlik aan dood en ellendes vas te klou – waarskynlik omdat dit ons die reg gee om onself te bejammer.

- Dit is verkeerd.
- Ons moet as oorwinnaars oor die dood lewe omdat ons van die dood vrygemaak is.

Soos wat Simson Gasa se poorte afgebreek het, het die Here Jesus die mag van die hel en die dood oor ons weggebreek.

In Romeine 6:8 leer God dat Hy ons liefhet.

- Dit beteken dat Hy ons nie in die hande van satan wil laat waar ons met die sondeval beland het nie.
- In Sy liefde moet ons nou al die krag van die opstanding uit die dood belewe.
- Die Here Jesus Christus is die waarborg van ons opstanding.
- Die Bybel leer dat die Here Jesus Christus vir ons gesterf het en opgestaan het en dat ons nou onder sy opstandingsregering oor die dood heers.

(Romeine 14:9).

Want hiervoor het Christus ook gesterwe en opgestaan en weer lewend geword, om oor dode sowel as lewende te heers. (Romeine 14:9 AFR1953)

Ons lewe na die opstanding word reeds in vooruitsig gestel. Johannes 14:19 stel dit skerp:

Nog 'n klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie; maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe. (Johannes 14:19 AFR1953)

Die Here Jesus lewe ewig en ons sal vir ewig lewe.

- In 'n sekere sin beteken dit dat ons lewe eers werklik na hierdie lewe begin. Dit is waarom daar in Efesiërs 2:4-6 geskryf staan dat ons alreeds saam met Christus opgewek is en saam met Hom in die hemel is.

Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus — uit genade is julle gered — en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus,
(Efesiërs 2:4-6 AFR1953)

- So seker is God van ons opstanding uit die dood dat ons lewe na die dood deur Hom as 'n feit gestel word.

As ons liggame hier op aarde sterwe, is dit ook net ons liggaam wat sterwe en in die tussentyd in die grond gebêre word.

- In die tussentyd lewe ons by God as geestelike wesens tot op daardie dag wanneer God die aarde beveel om die liggame terug te gee.
- Dan verenig Hy weer ons liggaam en siel met mekaar.

As u weer by 'n graf staan dan weet u dat die een wat begrawe word inderdaad lewe.

- Die ryk man het sy broers gesien sondig en Lasarus was by Abraham terwyl die lewe op die aarde voortgegaan het. Die ryk man se broers was nog besig om sonde te doen. Ons moet almal nog sterf, maar u moet nie u doodsoomblik inwag asof dit finale vernietiging en uitwissing is nie. Die genade van God het die dood verander. Dit is nou soos 'n poort waardeur ons tot die hiernamaals toegang het. Glo dan in Jesus Christus se opstanding want dit is deel van sy verlossing vir ons en leef om te sterf om daardeur ewig by God te kan lewe as u liggame opstaan uit die dood.

Kom ons lees Kategismus Sondag 17 saam.

Vraag 45: Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak (a). Ten tweede word ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek (b). Ten derde is die opstanding van Christus vir ons 'n betroubare waarborg van ons salige opstanding (c).

(a) Rom 4:25; 1 Pet 1:3; 1 Kor 15:16. (b) Rom 6:4; Kol 3:1, 5; Ef2:5, 6. (c) 1 Kor 15:20, 21.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 2-3:1 (32:1)

- 1 Toe het die hoë lug gebeef / en eng'lestem het neergesweef:
Nou is die koninkryke weer / die eiendom van onse Heer
en van sy Ryksgealfde wat / die wêreld in sy vuis omvat.
Hy sal – beslis is nou die stryd – / as Koning heers in ewigheid."

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 4 Mei 2008 (aanddiens)